PLATINUM BUSHVELDER sports

SPORT

SUPERUGBY 2020 - WEEK 7

Chiefs vs Hurricanes
In Hamilton verloor die Chiefs 27-24 teen die Hurricanes. Drama tot in die 84ste minuut toe Jaco Peyper 'n omstrede beslissing in 'n strafskop vir die Canes verander. Jordie Barret slaag met die starfskop en die Canes stap as wenners van die veld. Gatland het blykbaar soos 'n draak vuur gespoeg.
Die Chiefs is nou derde op die NZ log met 19 punte terwyl die Canes vierde is met 17 punte. Beide spanne het ses *games* gespeel.
Sunwolves vs Crusaders
Die Japanese Wolwe se tjank word vir die hoeveelste keer die seisoen gehoor en verloor 49-14. Die Wolwe het die 14 punte in die eerste helfte aangeteken. Dit is eintlik maar beter dat hulle nie meer in die Super Reeks gaan speel nie **ou grote.**
Die Saders is tans eerste op die NZ log met 23 punte na ses *games* en tweede op die algehele log.
Blues vs Leeus
In Auckland hardloop die Blues die Leeus deurmekaar en wen verspot maklik 43-10. Hulle was swak, baie swak.
Groot kommer heers in die Leeukamp. So erg dat hulle nou twee weke in kwarantyn geplaas is. Die goeie nuus is dat hulle gelukkig nie rugby hoef te speel nie, hulle kan maar net lê. Net 'n entjie van hulle buurman, die koorsige bul.
Reds vs Bulle
Van die afskop af klim die Bulle verwoed in en glo dit of nie, na net 16 minute loop hulle 17-0 voor! Nou of daar 'n rooksein op die horison verskyn het wat 'n virus se naam uitgespel het, sal ons seker nooit weet nie. Die Bulle verloor 41-17, ja boet, die telling is net so.
Dit moet geweldig swaar op *rugga* ondersteuners se harte lê dat hulle helde indirek deur 'n virus gered is en dadelik moes terugkeer huis toe om in hulle kamp te kom loop lê, ja ou grote, net lê. Kwarantyn. Geen *ruggas* asseblief. Wees rustig.
Die Reds is na sewe *games* derde op die *Aussie* log met dertien punte.
Haaie vs Stormers
In die Haaitenk wen die Durbaniete welverdiend hierdie klipharde *game* 24-14. Dit was 'n helse stryd maar ook erg omstrede. Die Haaitenk het stil geword na net sewe sekondes na die afskop toe Johan du Toit die Haai *skrummie*, Louis Schreuder, uit die poel loop. Die televisie skeidsregter se rooikaart aanbeveling is deur AJ Jacobs van die hand gewys en Du Toit moet toe net vir tien minute boefkas toe, maar die hartseer is dat Schreuder met 'n draagbaar van die veld moes gaan en die res van game *mis*!
Op die dag was die Haaie die beste span en het verdien om hierdie SA derby te wen. Met hierdie oorwinning beklee hulle nou die eerste plek op die SA log en die algehele eerste plek op die superlog. Die Stormers het afgeskuif tot die sewende plek.
Jaguares vs Highlanders
Afgelas weens Covid-19
Brumbies 47 - 14 Waratahs
Die Super Reeks is tydelik opgeskort wees die KORONAVIRUS tot verdere kennisgewing.
Nag ou grote...

HFM SKIET 'N KOLSKOOT

Thabazimbi – Hoërskool Frikkie Meyer (HFM) se boogskuts het die naweek van 14 Maart deelgeneem aan die Ekurhuleni binnehuis kampioenskappe in Kemptonpark.
Die skutte behaal die volgende uitmuntende prestasies:

- Ameij Broekhuizen | eerste plek | junior meisies vryskut afdeling - 292 uit 300 punte met 26 kolskote
- Kruger van Zyl | eerste plek | junior seuns boogjagter afdeling - 292 uit 300 punte met 32 kolskote
- Maya Broekhuizen | eerste plek | junior meisies boogjagter afdeling - 291 uit 300 punte met 22 kolskote
- Selkirk von Wielligh | tweede plek | jong volwasse mans boogjagter afdeling - 277 uit 300 punte met 18 kolskote
- Liezelotte Smit | derde plek | junior meisies boogjagter afdeling - 270 uit 300 punte met 12 kolskote

Shanel Furstenberg skiet 270 uit 300 punte in die junior meisies boogjagter afdeling met vyf kolskote. Dit was Smit en Furstenberg se eerste kompetisie en hul het besonders goed gevaar.
Donovan van Staaden kon om mediese redes ongelukkig nie deelneem nie.
HFM is baie trots op hierdie boogskuts.

Die uitstekende boogskuts van HFM.

Lombard Tyres

10 DAYS ONLY
18 - 28 MARCH 2020

TYRE SIZE	PRICE Incl VAT
15580TR13 RoadX H11	R370
16565TR13 Goodride RP26	R520
17570TR13 Goodride RP28	R475
17565TR14 RoadX H11	R420
18560HR14 Goodride RP28	R515
18565HR14 Goodride RP28	R525
18565HR15 Goodride RP28	R595
19550VR15 RoadX H12	R470
19565HR15 Goodride RP28	R615
195R14C RoadX C02	R670
20570R15C Goodride SC328	R1075
215R15C Dunlop SP Trakgrip	R1170
24570R16 Goodride SL369	R1295

Thabazimbi Nr 20 Warmbad Road, Unit3 SS Benathie Business Centre
TEL: 014 777 1040/1047

lombardtyres.com

Spin & Win Sale only on for 10 days, 18-28 March. Buy 2 Tyres and win up to 50% off on the wheel. Price includes VAT, but exclude balancing, fitment and valves. All terms and conditions apply and is listed on our website. Only valid while stocks last. Valid at all Lombard Tyres branches. Can't be redeemed in conjunction with any other promotional offers , it's either or. In-store only promotion.